# "DIE BLINKKLIPPIE"

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 24 - nr. 5)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."
Johannes 1:14

4 Februarie 2024

## EREDIENS dr. Petrus Venter (Doop)

**Erediens – 9h30**
**Bediening van die sakrament van die heilige Doop-**

**LITURGIESE GEGEWENS**
**Skriflesing: Mattheus 11: 6-19;**
**Galasiërs 3: 23-29 (1933 '53 Vertaling)**
**Teks: Mattheus 11: 16-19;**
**Galasiërs 3: 24-25**
**VOORAF SANG: Ps. 61: 3, 6**
**TYDENS EREDIENS: Ps. 107: 1, 18;**
**Ps. 40:4; Ps. 128: 4; Sb. 2-4 (33): 1,2 Ps.90:9**

### SINGENDE EN LERENDE KINDERS

***16 Maar waarmee sal Ek hierdie geslag vergelyk? Dit is net soos kindertjies wat op die markte sit en na hulle maats roep 17 en sê: Ons het vir julle op die fluit gespeel, en julle het nie gedans nie; ons het vir julle 'n klaaglied gesing, en julle het nie getreur nie. 18 Want Johannes het gekom en nie geëet of gedrink nie, en hulle sê: Hy het 'n duiwel. 19 Die Seun van die mens het gekom — Hy eet en drink, en hulle sê: Dáár is 'n mens wat 'n vraat en 'n wynsuiper is, 'n vriend van tollenaars en sondaars. Maar die wysheid is geregverdig deur sy kinders.***

***24 Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof. 25 Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder 'n tugmeester nie***

***1 Die krag in God se koninkryk***
***2. Die groot ironie in God se koninkryk***
***3. Die geheim wat in die koninkryk oopgaan***

**Vooraf sang:** Ps. 61: 3, 6

**Ontmoetingsdiens**
Votum
Lofsang: Ps. 107: 1, 18

**Geloofsbelydenis**
(Apostoliese Geloofsbelydenis)
Wet
Ps. 40:4
DOOPBEDIENING
Formulier
Belofte van ouers
Sakramentbediening
Sing- Ps. 128:4
Dankgebed

**Woorddiens**
**Sing**:
Sb. 2-4 (33): 1,2
**Skriflesing: Mattheus 11: 6-19;**
**Galasiërs 3: 23-29**
**Teks:** Mattheus 11: 16-19;
Galasiërs 3: 24-25
**Preek**
**SINGENDE EN LERENDE KINDERS**
**Dankgebed**
Kollekte
Liefdesdiens kollekte – Diakonie (DVB)
By die deure – Expansdo
**Slotsang**
**Sing-**
Ps. 90: 9
**Wegstuurseën**

## KOLLEKTES

**4 Februarie 2024**
In die banke: DVB (Diakonie)   By die deure: Expando
**Sondag 11 Februarie 2024**
In die banke: DVB (Diakonie)   By die deure: Dankbaarheidsfonds
***U kan die SnapScan kode gebruik om u kollekte aan die diakonie af te dra ...***

## WYK – DIENSBEURT

Sondag – 4 Februarie 2024 Wyk 8
Ouderling: Michiel Burger
Diaken: Roelf Coetzee

## VERJAARSDAE

14 Feb. Lombard Niesing
16 Feb. Johan Reinecke
21 Feb. Jolané Muller
22 Feb. Janika Johnston
22 Feb. Marie Nel
23 Feb. Pieter du Plessis
25 Feb. Reitz Coetzee
26 Feb. Mientjie Burger
27 Feb. Annie v/d Linde

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

## LIEF EN LEED

Almal wat in hierdie tyd ongesteld is, operasies ondergaan het of nog moet ondergaan, ons bid u Gods seën op 'n spoedige herstel toe.
Sr Daleen Erasmus het baie groot operasie ondergaan om gewas in brein te verwyder. Onder omstandighede is sy besig om goed aan te sterk. Met tye gaan sy nog groot ongemak deur. Ons gebed is dat sy goed mag herstel en ook voorberei mag wees vir die verdere bestraling van gedeelte van gewas wat nie chirurgies verwyder kon word nie.
Br Nico Badenhorst is ook in ons gebede. Die broeder is met kanker aan prostaat gediagnoseer. Hy bly ook ons gebede in die besluite rondom prosedure wat gevolg moet word.
Sr Kotie Riley het met tye ook terugslae in haar gesondheid. Mag die Here haar ook hierin naby wees.

## OORSIGTELIK FINANSIËLE STAND VAN GEMEENTE

| | |
|---|---|
| Dankoffers ontvang in vorige finansiële jaar | R642 335-00 |
| Totaal van dankoffers vir huidige boekjaar | R564 435-00 |
| Totaal van dankoffers vir Januarie 2024 | R32900-00 |
| Totaal van dankoffers vir Februarie tot op hede | R12 060-00 |
| Kermis inkomste vir 2023 | R246 855-78 |
| Werklike inkomste vorige finansiële jaar | R 1 229 127-71 |
| Werklike uitgawes vorige finansiële jaar | R 1 262 182-08 |
| Ramings per lidmaat per jaar (ingesluit Klassis en Streeksinode) | R670-00 per lidmaat per maand |

Voorsitter is oudl. Albertus Viljoen (082 808 4168)

## DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai.
U kan dit aflaai by http://bit.ly/2D0uRqf

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Ons dankbaarheid voor die Here moet altyd eerste staan. **Ons het ook 'n nuwe artikel in die verband bygevoeg. Wyle ds. Ben Fourie het ook baie goed die saak kon uiteensit.** U kan dit lees by https://bit.ly/3j1e2xT

## ALGEMENE KERKNUUS

**GKSA NUUSBROKKIES**

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by: http://bit.ly/2SxThy0

## KATEGESE

Laerskool kategese gaan voort. Nuwe boeke is bestel.

Ons Hoërskool -katkisante is daar op 30 Januarie 2024 'n YouTube opname gemaak en nuwe les is deurgegee. Die laaste les is beskikbaar by https://youtu.be/_8bYft2RWic. Al die lesmateriaal vir ons Hoërskool jeug is ook op ons webwerf beskikbaar. Die Geloofsleer boek waaruit hoofsaaklik gewerk word kan by https://bit.ly/3RdpJDz afgelaai word. Ons sal DV weer 13 Februarie die volgende les hanteer.

## BYBELSTUDIE - https://youtu.be/TPKsvWDgnCs

Ons het ons Bybelstudies rondom die groot tema van Gebede uit die Here se Woord afgesluit. Ons het na 30 gebede in die reeks gekyk. Die laaste Bybelstudie was 'n gebed van die Heilige Gees Self. *Amen, Kom Here Jesus* U kan in die Bybelstudie deel by https://youtu.be/TPKsvWDgnCs

## HUIS JAN VORSTER (HJV)

Ons is dankbaar dat u die belange van hierdie tehuis ook in u hart, gebede en beursies met u saamneem. Die afgelope sustersaamtrek wat op 11 Maart gehou was het groot hoeveelhede toilet en ander higiëniese produkte aan Ouetehuis kon skenk. Ons is dankbaar daarvoor. Daar het ook kontant-skenking vanaf diakonie van Gerf Kerk Kimberley vir HJV ingekom. Daarvoor is daar ook groot dankbaarheid.

## VSOD (VERENIGING VIR SENDING ONDER DUITSSPREKENDES)

Ons as gemeente is op 'n besondere wyse met die roeping en sendingwerk van dr. Victor d'Assonville in Duitsland verbind. Hy is deur ons ingevolge Artikel 7 Kerkorde beroep en na Duitsland gestuur. Hy is tans rektor by 'n Teologiese Skool in Duitsland. Laat ons voortdurend sy roeping en werk biddend voor die Here bring en dat dit geseënd mag wees. As u meer wil uitvind oor die kerklike toestande in Duitsland en die groot nood dat teologiese opleiding aldaar moet kan plaasvind gaan na www.vsod.co.za. Op Facebook kan u gaan na bit.ly/2OoU0nf
Die VSOD stel ons in Postmasburg in staat dat daar volhoubaarheid in die werk kan wees. As u dit oorweeg om ook finansieel tot hierdie baie groot opdrag by te dra, al is dit dalk net met 'n R100 per maand, kontak asb. vir dr. Petrus.
Ons dink ook aan die gevaarlike verwikkelinge aan die Oos-Europese grens op die stadium. Daar is deur dr. d'Assonville al op op besondere wyse ook in die Oekraïne gewerk en na gereformeerdes in die geweste uitgereik. Ons dink aan ons mede-broeders en susters in die oorlogsgebeure in hierdie land.

Dit is met dankbaarheid dat ons besef daar is heelwat gemeentes en individue wat hierdie bediening volhoubaar ondersteun. Ons vertrou dat nog meer gemeentes betrek kan word.

## ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onsself daaroor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik....
Ons het die publikasie van prof. PW Buys rondom DANS – 'n gereformeerde etiese-studie ook opgelaai
U kan daarna gaan by http://bit.ly/2Q0Ccw1

# KERKRAADSAKE

**VERGADERINGS:**

Diakonievergadering – 18 Februarie 2024
Kerkraadsvergadering- 18 Februarie 2024
Dorkasvergadering- 18 Februarie 20244

# KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg
Posbus 74 Postmasburg
E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za
Tel: 053 313 3710
Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571 **Nuwe selnommer 064 558 7204** (Oue werk ook nog!)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Predikant | Dr. Petrus Venter | 084 704 2348 | ds@gksa-postmasburg.co.za |
| Skriba | Oudl. Leendert Snyman | 083 286 8496 | leendert270@gmail.com |
| Admin Beampte | Vakant | 084 704 234 8 | admin@gksa-postmasburg.co.za |
| Voorsitter: Diakonie | Diak. Johan Reinecke | 082 579 8572 | johanreinecke@yahoo.com |
| Koster | Br. Francois Marais | 076 612 2255 | |
| Kassier | Oudl. Albertus Viljoen | 082 808 4168 | ajviljoen@soetfontein.co.za |
| Sendeling | Dr. Victor d'Assonville | 0049 1755063249 | vicdas@rtsonline.de |

| ***Ons gemeente se webwerf en faceboek-blad is soos volg:*** |
|---|
| http://www.gkpostmasburg.weebly.com |
| http://bit.ly/2Ydk7wK |

# STASTISTIEKE VORIGE SONDAE

| | |
|---|---|
| Erediens bywoning 28/1 | **39** |
| Kollekte Diakonie 28/1 | **R1 486-00** |
| Kollekte (Deure) 28/1 | **R619-00** |
| Dorkas susters met Nagmaal-ete 19/11 | **R876-00** |
| SnapScan en elektroniese bydraes diakonie | |

# GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

| Rekening | Rekeningnommer |
|---|---|
| Kerkkas | 2130-3400-35 |
| Diakonie | 2130-28-0008 |
| Dorkas-susters | 407-382-6782 |

**Dieselfde water draai die wyse se meule wat die dwaas se grond verspoel. (CJ Langenhoven).**